

# Matt 1:18-25 HULLE SAL HOM IMMANUEL NOEM

Kyk, dis vir Matteus baie belangrik dat ons dit van die begin af moet verstaan: Jesus is God wat onder ons mense kom woon het. Daarom begin hy sy Evangelie met die geslagsregister van Jesus (Matt 1:1-17), waarmee hy ons herinner het dat Jesus een van ons geword het; dat sy voorsate nie net uit helde en onbesproke karakters bestaan het nie, maar uit gewone mense, soos ons, wat ook geraamtes in die kas gehad het en dinge waaroor hulle sekerlik skaam was. Hy het regtig onder ons kom woon, soos Johannes in Joh 1:14 skryf.

Dís waaroor hierdie gedeelte wat ons saam gelees het, ook gaan - God word mens. Op 'n manier wat heeltemal buite ons verwysingsveld val, kom Jesus in hierdie wêreld in, word Hy God by ons. Die stomme Josef het dit ook nie verstaan nie - hoe kan 'n mens God in sy grootsheid en sy weë selfs probeer verstaan? Daarom is Josef oortuig daarvan dat Maria ontrou aan hom was en nou 'n storie uitgedink het om haar ontrouheid weg te steek. En, vroom man wat hy was, kon hy nie daarmee saamleef nie, en wou hy van haar skei. Die ander opsie was natuurlik dat sy met klippe doodgegooi word. Te vreeslik om selfs aan te dink, nie waar nie?

Maar dan kom die engel en oorreed hom om tóg met Maria te trou, want, sê die engel, haar swangerskap kom van die Heilige Gees. God is aan die werk, Josef. Die Seuntjie se naam moet Jesus wees - dit beteken "Die Here is Verlossing" of "Die Here bring redding". Endan voeg Matteus by in vs 22,23: Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons.

Dít is Wie Jesus is, wil Matteus ons in sy Evangelie goed laat verstaan: Hy is Immanuel. Hy is God self wat mens geword het. Daarom begin hy sy boek met hierdie tema, en later, min of meer in die middel van die Evangelie (18:20) , sê Jesus dit self: ... waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle. Immanuel. God is by ons. Dis ook die belofte, die heel laaste woorde waarmee Jesus sy dissipels groet aan die einde van die Matteus-evangelie (28:20): En

onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Jesus is Immanuel, God by ons.

Met Jesus se koms na die wêreld, so wil Matteus ons goed laat verstaan, het God deel van ons wêreld geword. Daarom begin hy sy Evangelie, sy verhaal oor Jesus, met hierdie versekering. Jesus is God in ons midde. Hy het gekom sodat ons nie aan onself oorgelaat sal wees nie, verlate hoef te wees nie.

Ek kry 'n tyd gelede 'n epos met 'n opstel wat 'n 8-jarige seun geskryf het oor God. Onder andere skryf hy: "As jy nie in God glo nie, sal jy baie eensaam wees, want jou ouers kan nie oral met jou saamgaan nie, soos wanneer jy op 'n kamp moet gaan nie. Maar God kan. Dit is goed om te weet Hy is by jou wanneer jy bang is, in die donker, of as jy nie kan swem nie en die groot kinders gooi jou by die diep kant in."

Ek dink hierdie kind het verstaan wat Matteus vir ons wou sê: In Jesus is God by ons. Wanneer ons die geboorte van Jesus vier, herdenk ons nie net 'n gebeurtenis wat iewers lank gelede gebeur het nie, want Jesus is nie net 'n figuur uit die verre verlede nie. Ons vier daarmee Jesus se koms na ons, sy blywende teenwoordigheid by ons elke dag.

Jesus is God by ons. Soos die seuntjie geskryf het: dis goed om te weet Hy is by jou as jy bang is ... Dis goed om te weet Hy is by jou as jy eksamen skryf. Dis goed om te weet Hy is by jou as jy as jy raadop is, as jy eensaam voel, as jy siek is, as jy 'n krisis beleef, as jy hartseer is, of as jy bly is en dankbaar is en sommer net jou hande in die lug wil gooi en Halleluja! wil skree.

Dit is wat die doop vanoggend vir klein Elmientjie ook kom verseker - God is ook by haar, as haar Vader, haar Verlosser, haar Voorspraak. Daarom, in die woorde van die seuntjie, sal sy nooit eensaam wees nie, want God is by haar.

Maar Matteus wil nie net vir ons vertel dat Jesus Immanuel, God by ons, is nie. Hy wil ons ook laat verstaan wie die "ons" is by wie God is. Dis hoekom hy vir ons iets meer oor Josef vertel. Hy het klaar in die geslagsregister gesê Jesus word mens onder gewone mense, nie supermense nie. Maar ons sal die verkeerde indruk kry as ons dink dit beteken dat almal kwalifiseer. Asof God tevrede is met enige iemand, maak nie saak nie. Soos mense graag sê om hulle ongepoetsheid te vergoelik: Ek is nou eenmaal so gemaak en so gelaat staan. En daarom moet dit goed genoeg wees. Dís nie die soort houding wat pas by mense by wie God kom

woon nie. Ons sien hier vir Josef, 'n eenvoudige timmerman, maar - en dis baie belangrik - 'n Godvresende man, 'n man wat aan die wet van Moses getrou was. Dís die soort mens by wie God kom woon. En later in die gedeelte staan dat Josef gemaak het soos die engel van die Here hom beveel het.

Kom ek sê dit reguit: Jesus word mens, Immanuel, by mense wat naby God leef en aan Hom en sy Woord gehoorsaam is. Almal kan Kersfees vier en geskenke uitdeel en 'n Kersboom met liggies in hulle huis hê en Kersliedere sing, maar dit beteken nie outomaties dat God ook in almal se lewens is nie. Dit vra gehoorsaamheid en toewyding aan God, 'n daaglikse lewe met die oog op Hom gevestig. Dís waaraan die Adventstyd ons herinner.

Maar - en hiermee sluit ek af - wat beteken dit as God by ons is? Wat kan ons verwag as God by ons is? Ek dink Josef en Maria sal vir ons baie daarvan kan vertel, want hulle het in hulle eie lewens beleef wat die praktiese implikasies is as God by ons is. Hulle moes hulle eie beplanning eenkant laat en toelaat dat Góð hulle lewe beplan en reël. Hulle huwelik het totaal anders begin as dit waarvan hulle gedroom het. Nie 'n groot troue met al die bure en vriende saam nie, maar stil-stil, want Maria is swanger. Maar - God was by hulle en het na hulle gekyk. Toe Herodes se moordbendes in Betlehem aankom was Josef en Maria en Jesus reeds weg, want God het hulle betyds gewaarsku. En hulle kon in Egipte gaan bly, want die goud wat die sterrekykers vir Jesus gebring het, was daar sodat hulle kon leef.

Dís die evangelie, die goeie nuus van Kersfees: God se teenwoordigheid en voorsiening en sorg in Jesus, ons Here. Hy is waarlik Immanuel.

---

## **Mat 1:1-17 Jesus word regtig mens**

Dit is baie opvallend dat daar, behalwe Maria, die ma van die Here Jesus, nog 4 ander vroue ook in die geslagsregister van Jesus Christus genoem word:

- Tamar (vs 3); Ragab (vs 5); Rut (vs 5) en Batseba (vs 6)

Hierdie feit is totaal vreemd en ongehoord as ons na die Joodse tradisies van destyds kyk. Slegs mans is destyds in geslagsregisters genoem. Maar wat verder opval, is dat dit nie die vroue is wat ons in die geslagsregister sou verwag nie.

- **Tamar** - van haar lees ons in Gen 38; 'n smartlike verhaal van hoe sy as skoondogter van Juda verontreg is, en hoedat sy uiteindelik vir haar skoonpa Juda verlei het en swanger geraak het;
- **Ragab**, die prostituut van Jerigo (Jos 2) - julle onthou mos hoe sy die twee Israelse spioene weggesteek het en met 'n tou teen die muur af laat ontsnap het;
- **Rut**, die Moabitiese vrou wat saam met haar skoonma Naomi uit Moab na Betlehem terugkeer en uiteindelik Boas se vrou word;
- **Batseba**, die vrou van Uria die Hetiet (2 Sam 11) - dit was sy wat vlak onder Dawid se neus in haar agterplaas gebad het en só 'n tragiese verloop van gebeure aan die gang gesit het wat op owerspel en uiteindelik moord op haar man uitgeloop het.

Waarom word hierdie vroue genoem?

## 1. Nuwe waarde en plek van die vrou

Sommer reg aan die begin van Jesus se geskiedenis in hierdie wêreld wil die Bybel dit duidelik maak dat sy koms die plek van die vrou in die samelewing drasties sal verander. Vir die destydse mense het die vrou nie getel nie. Die Jode het bv gebid: Dankie dat ek nie 'n heiden is nie, of 'n hond nie, en ook nie 'n vrou nie. Sowaar. Maar die Here Jesus kom gee nuwe status aan die vrou. Hy sê: In God se oë is vrouens ook belangrik. Daarom sien ons Hom later bv by die put van Sigar waar Hy met 'n vrou sit en gesels; maak Hy tyd om die vrou wat in owerspel betrap is, te help, en is van sy prominentste dissipels vroue, soos Maria Magdalena, of Maria en Marta, die susters van Lasarus ...

## 2. In God se hart is daar ook plek vir nie-Israeliete

Dis nogal merkwaardig dat drie van hierdie vroue uit heidense volke kom. Tamar was 'n Filistyn, Ragab 'n Kanaäniet, Rut 'n Moabiet. En Batseba was met 'n Hetiet getroud. En tog word hulle voorouers van ons Here Jesus. Jesus se koms was nie net vir Israel nie, maar vir die hele wêreld. Alle volke, ook ons, deel in die seën van Christus se koms. Van belang vir die Here is nie wat jou agtergrond, jou herkoms is nie, maar wat jou verhouding met die Here is. 'n Treffende voorbeeld hiervan is Rut, wat vir Naomi gesê het: "Waar u gaan, sal ek gaan ... U God is my God.")

### **3. God oordeel anders as ons**

As ék nou 'n paar vroue in die geslagsregister moes invoeg, sou ek 'n bietjie anders gekies het. Ek dink ek sou iemand soos Sara, Abraham se vrou, genoem het, wat saam met haar man uit Ur weggetrek het na die beloofde land. Of dalk Rebekka, wat haar mense gelos het om Isak se vrou te word, of Lea met die sagte oë. Maar nie een van hulle name staan hier nie, want God se oordeel oor 'n mens se lewe is nie noodwendig soos ons oordeel nie. Nie hulle wat in óns oë belangrik is, is by God belangrik nie. Hy kies dikwels die eenvoudiges en die geringes. En van eenvoudiges en geringes gepraat: Josef en Maria was nie van die ryk maghebbers van destyds nie, en nog minder die eerste mense wat die boodskap hoor dat Jesus gebore is, nl. die skaapwagters. En boonop die Jesus in 'n stal gebore!

Paulus skryf hieroor in 1 Kor 1:26-30:

*Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie. Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid*

*wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.*

#### **4. Sonde is magtig, maar God is groter as die sonde**

Die sonde breek menselewens stukkend. Al vier vroue in hierdie geslagsregister sal vir ons 'n eie verhaal van smart en seer kan vertel. Maar God kan ook sondige en verkeerde dinge ombuig om uiteindelik sy doel te bereik. Dink maar aan die tragiese verhaal van Tamar en hoe sy by haar skoonpa swanger geword het, of Batseba en hoe sy Dawid se vrou geword het. Dis erger as wat enige sepie kan uitdink. En tog, in God se hande draai hierdie hartseer om en kry dit 'n eie plekkie in sy verlossingsplan met die wêreld. Dit gee ons natuurlik nie die reg om maar te sondig, want God sal tog ons brouwerk regmaak nie! Maar as ek sondig en stukkend voor God staan, kan dit my troos: God is groter as my sonde. Die sonde kan my nie van Hom wegneem nie.

#### **5. Jesus word regtig mens**

As Jesus mens word, staan Hy nie verhewe bo ander mense, so asof Hy in sy geslagsregister net vlekkeloses het nie. Nee, daar is maar die swartskape ook, want Hy het regtig mens geword, een van ons geword. Jesus is regtig God wat tot by ons gekom het, Immanuel, God met ons.

#### **Afsluiting**

So kom ek vat gou saam: Die feit dat daar in Jesus se geslagsregister ook vroue se name voorkom, wil o.a. vir ons verkondig:

- Jesus bring nuwe waarde en plek van die vrou;
- In God se hart is daar ook plek vir mense wat nie uit Israel is nie. Nie jou

herkoms nie, maar jou geloof maak die verskil;

- God oordeel anders as ons. Hy kies dikwels die geringes en eenvoudiges;
- Die sonde is magtig, maar God is magtiger;
- Jesus is waarlik Immanuel, God met ons!

Dit is die vreugdesboodskap, die goeie nuus, die evangelie van Kersfees.

Amen.

---

## **Luk 21:28 KYK, HY KOM . . .**

### [Lukas 21:25-28](#)

Verbeel jou jy is nog 'n kind in die huis, en julle ry vir die vakansie na familie in Gauteng. En êrens op pad gaan julle motor staan sonder petrol. Dis in die middel van die nag, en dis pikdonker. Jou pa sê hy sal moet gaan petrol soek, maar hy wil nie hê julle moet daar op die vlak in die motor bly sit nie; dis te gevaarlik. So gaan julle so 'n entjie van die pad af in 'n verlate ou bouval wag, terwyl jou pa na die naaste dorp ryloop om petrol te gaan haal.

Dis donker, en jy is baie skrikkerig in die verlate huis. As die wind waai, kraak die dak en die vensters klap. Toe julle al lank gewag het, hoor jy 'n hiëna blaf-lag hier langs die venster, en jy maak jou lyf nog 'n bietjie kleiner, want jy is so 'n bietjie bang vir dié gedierte. Jou ma fluister saggies in jou oor: sit net tjoep-stil, miskien gaan hy weg. Maar hy gaan nie weg nie, en hy begin te krap-krap hier aan die agterdeur, en jy weet: hier is moeilikheid.

Dan hoor jy voetstappe aankom, en jou hart klop woës. Sê nou net dis 'n booswig wat julle kom aanval? Al nader en nader kom die voetstappe, en jy trek jou kop al dieper in jou skouers in. Jou sussie begin saggies te snik, want sy is baie bang. Jy stamp aan jou boetie hier langs jou, maar hy lê en slaap! Maar dan, terwyl jy nog so benoud daar sit, hoor jy die persoon wat nader stap, fluit so saggies die wysie

wat jou pa altyd fluit terwyl hy die kar was - en skielik weet jy: dis Pa wat daar aankom!

Wat sal jy doen as jy besef dis jou pa? Natuurlik! Opspring en na hom hardloop!

Ja, en dis presies wat die Here Jesus hier in die Skrifgedeelte ook vir ons sê. "As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby."

"Hierdie dinge" waarvan die Here hier praat, is die wêreld wat op sy kop gaan staan, en alles is deurmekaar. Die klimaat sal skielik net nie meer dieselfde wees nie: "die kragte van die hemelruim sal ontwrig word", staan in vs 26. Dit laat 'n mens nogal aan aardverwarming dink, met sy ontwrigtende effek op die weerpatrone. Vroeër in die hoofstuk praat die Here van vals leiers (vs 8), van oorloë (10), aardbewings, hongersnood en epidemies (11), vervolging (12). Hierdie dinge is om ons aan die gebeur: dink maar aan die oorlog in die Midde-Ooste, aan die VIGS-epidemie, aan hongersnood op talle plekke, aan die wêreldwye volksverskuiwings! Dink maar aan die deurmekaarspul in ons eie land: die weghol-misdaad, die ineenstorting van gesondheidsdienste, die haglike posisie van onderwys, werkloosheid ... Iemand sê anderdag vir my: dit lyk regtig of die duiwel los is! 'n Mens word sommer benoud as jy daaraan dink.

Die Here Jesus het ons lank terug reeds gewaarsku dat hierdie dinge gaan gebeur, en nou is dit so. Die vraag is: wat maak ons daarmee. Want 'n mens kan op meer as een manier reageer op al die dinge wat om ons gebeur:

- Jy kan paniekerig word, soos Jesus voorspel in vs 26: "Die mense sal beswyk van vrees en spanning . . ."
- Jy kan só in die wêreld ingesuig word, dat jy as 't ware aan die slaap raak. Só waarsku die Here ons in vs 34: "Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorg van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds oorval nie." En dit gebeur in ons tyd. Ons sien dit om ons, dat mense hulle eenvoudig net nie meer steur aan God en sy gebod en sy kerk nie. Mense gaan op in die genietinge van die wêreld. Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons ...
- 'n Mens kan ook bly wag, biddend bly wag, met jou ore gespits, omdat jy luister of dit nie dalk ons Here se voetstap is wat jy hoor nie. In vs 36



roep die Here ons op: “Wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn.”

Die manier waarop baie lidmate in hierdie dae die veranderinge in ons land beleef, strek ons darem regtig nie tot eer nie. Mense loop met krom rûe en geboë skouers deur die lewe, asof die wêreld hulle wil platdruk. Ons sug en skud moedeloos die kop.

Hoor die Woord van die Here: “As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.” Dis asof die Here vir ons wil sê: Moenie julle blind staar teen die dinge wat om julle gebeur, asof dit die einde van die wêreld is nie! Sien en hoor in dié dinge dat Ek aan die kom is! Dat die einde naby is! Dat julle op pad is na die ewige heerlikheid! Lig op julle koppe en julle oë, kyk na die wolke van die hemel, want daarvandaan gaan Ek weer kom in heerlikheid!

Advent is dié tyd elke jaar waarin die Here ons weer kom herinner dat Hy aan die kom is. Hy het destyds, lank gelede, in Betlehem die eerste keer na hierdie wêreld gekom, en Hy gaan eendag weer kom op die wolke van die hemel. Hierdie wêreld gaan verby, die Here is op pad. En daarom, as julle in dié dae julle Kersboom uithaal en versier, as julle in die winkels die Kersmusiek hoor, as julle beplan waar en hoe julle Kersdag gaan deurbring, onthou dan om te luister of julle nie in dít wat om ons gebeur en met ons gebeur, die voetstappe van ons Meester hoor nie!

Kom ons bid in hierdie dae: Kom, Here Jesus, ja, kom haastig!

Amen.

---

**Pred. 9:7 EET DUS JOU BROOD**

# MET VREUGDE ...

Prediker 9:7-9

*Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen.*

*Dra altyd wit klere, versorg jou hare met olie.*

*Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, dié lewe wat tot niks kom nie, maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het, die hele lewe wat tot niks kom nie.*

*Dit is wat jou toekom in die lewe, wat jou toekom vir al jou geswoeg in hierdie wêreld.*

Hier in die vierde kwartaal, voel dit vir my, word die wêreld al hoe doller. Almal is oorwerk en moeg van die lang jaar, maar nou is die jaar nog nie verby nie. Mense is grimmig en kla teen mekaar en wonder hoe hulle Desember gaan haal. Miskien wil jy vanoggend saam met die Prediker sug: “Alles kom tot niks,” of, soos die Ou Vertaling gesê het: “Alles is tevergeefs.” Volslae sinloos, vertaal die BDV. Só begin die Prediker sy nadenke oor die lewe in 1:2, en hy herhaal dit nog 25 keer in die res van die boek. Boonop sê hy nog 9 keer dat alles 'n gejaag na wind is.

Is dit miskien hoe jy voel? Moeg en moedeloos oor hoe die lewe geword het? Dan wil die Prediker vir jou 'n antwoord gee.

Om te verstaan hoe die Prediker se kop werk, moet ons raaksien dat daar 'n uitdrukking is wat hy baie dikwels gebruik (altesaam 32 keer): in hierdie wêreld (die Ou Vertaling en die BDV vertaal: onder die son). Hierdie wêreld is die blyplek van die mens wat op homself staat maak. En solank jy met hierdie wêreld alleen besig is, is die enigste gevolgtrekking waartoe jy kan kom, uiters pessimisties: dat alles tot niks kom nie en 'n gejaag is na wind (1:14).

- 'n Mens kry niks vir sy geswoeg in hierdie wêreld nie, sê hy (1:3)
- Die wêreld bly maar altyd dieselfde (1:4)
- Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie (1:9)

En dan die siniese gevolgtrekking:

- Of jy goed of sleg leef, een en dieselfde lot tref jou (9:3a)

Jy weet dit is waar. Goeie én slegte mense behaal sukses, of word deur teenspoed

getref. En nou probeer die Prediker om hieruit sin te maak. Hy het gedink 'n groot geleerdheid is die antwoord. As hy 'n rits grade verwerf het, of as hy wysheid in een of ander filosofie ontdek het, sal dit sin gee aan sy lewe. So het hy geglo. En toe dit nie werk nie, begin hy droom van die groot rykdom wat vir hom alles sal koop wat sy hart begeer. Toe het hy wyn probeer, en plesier nagejaag.

Klink dit nie baie bekend nie? Sê my: hoe probeer jý sin gee aan jou lewe? Dalk dink jy die geleerdheid wat jy verwerf het, sal jou gelukkig maak, of dalk, as jy net 'n ander werk kan kry, sal jy vervuld wees. Of miskien, so redeneer jy: as ek net 'n ander huweliksmaat kan hê. Of dalk lewe jy van week tot week in die hoop dat jy die gelukkige Lotto-nommers gekies het?

As jy op hierdie maniere na sin soek, sal jy teen hierdie tyd by dieselfde antwoord uitgekom het waarby die Prediker onvermydelik uitgekom het. Want niks wat hy probeer het, het hom op die lange duur bevredig of sin aan sy bestaan gegee nie. Die lewe, so het hy gevind, bly 'n gejaag na wind. Hy sê selfs in 2:17: "Ek het die lewe gehaat ..."

Só lyk die lewe van hierdie wêreld, sê hy. Leeg en sonder betekenis. As hierdie wêreld jou een en al is, is dit maar bedroewend.

Daarom stel hy 'n ander manier voor om in hierdie wêreld gelukkig te wees: Jy moet God toelaat om in jou wêreld in te breek. Want as dít gebeur, verander jou hele lewensuitkyk, en selfs jou siening van God! 'n Mens sien dit baie mooi in hierdie boek. Waar die Prediker die lewensbeskouing beskryf van die mens wat vasgevang is in hierdie wêreld, praat hy baie selde oor God, en dan is die beeld van God wat hy gee, nie van God as antwoord op ons nood nie, maar van God as die oorsaak van ons probleme, bv 1:13: "God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou." Of 9:1: "God regeer ... Niemand weet of daar vir hom liefde of haat wag nie ..."

Maar as jy God toelaat om in jou lewe in te breek, kry die lewe 'n ander kleur: "Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?" (2:24)

As jy God in jou lewe toelaat, ontdek jy Hy is nie die oorsaak van jou probleme, die Een wat jou 'n harde tyd gee nie. Dan ontdek jy dat Hy nie die Ongenaakbare is nie, maar, om nou maar die bekende term te gebruik, "die Goeie Gewer". God is

'n ruimhartige, vrygewige God, sê hy, wat dit vir ons moontlik maak om te eet en te geniet; die Een wat wysheid, kennis en blydschap gee. Op altesaam 12 plekke sê hy God "gee", op 7 plekke sê hy dat geluk 'n deel is wat God jou laat toekom.

Wanneer jy nie bloot onder die son, in hierdie afgeslote wêreld leef nie, maar God toelaat om deel van jou wêreld en jou denke en beplanning te word; wanneer jy onder God se sorgende oog leef, verander alles, al is alles nog dieselfde. Waar die lewe in hierdie wêreld hard en koud en uitsigloos is, word dit onder God se oog 'n plek waar daar vreugde en skoonheid is, waar jy jou werk met vreugde kan doen (5:18).

Die Prediker - nee, die Here God! - wil ons verlos van 'n selftevrede God-lose (goddelose?) lewe, want dit maak jou onvermydelik sinies. Hy wil ons verlos van 'n lewe waarin jy op jou eie wysheid, genot, rykdom en prestasies wil steun. Hy wil ons daar bring waar ons sal ontdek dat God daar is, dat Hy goed en groothartig is, dat Hy vir ons wil sorg en versorg. Eers as jy dít ontdek het, kan jy gelukkig wees. In die woorde van die Prediker (9:7): "Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen..." Ek en jy hoef nie te worstel om deur God aanvaar te word nie, ons is reeds aanvaar! Dáárom kan ons met toewyding alles doen wat ons hand vind om te doen (9:10).

Die Prediker wys vir ons dat die lewe sonder 'n deurleefde geloof in God leeg en sinloos is. Daarom daag hy ons uit om op 'n ander manier na die lewe te kyk, 'n lewe waarin 'n groothartige God teenwoordig is, en daarom 'n lewe waarin ons gelukkig en sinvol kan lewe.

God wíl deel van jou lewe wees. In die Here Jesus Christus het Hy ingebreek in hierdie lewe onder die son, deel daarvan geword, Immanuel geword: God by ons. Johannes vertel vir ons daarvan in Joh 1:14: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou ..." Jesus het vir ons kom wys hoe God lyk: nie ver, koud, ongenaakbaar nie, maar 'n liefdevolle, sorgende God wat ons as "Vader" mag aanroep.

En daarom: Eet ... jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen. Dra altyd wit klere, feesklere, en moenie met 'n lang gesig rondloop nie. Geniet die lewe met die mense wat jy liefhet, dié lewe wat tot niks kom nie, maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het ...

---

# Mark 10:32 PASSIE VIR DIE WIL VAN GOD

## [Markus 10:32-45](#)

*Vers 32: Op pad Jerusalem toe het Jesus voor hulle uit geloop. Dit het die dissipels verontrus en die mense wat agterna gekom het, laat bang word.*

Die gedeelte waaruit ons vanoggend gelees het, speel af in die laaste dae voor Jesus se kruisiging. Hy en sy dissipels is op reis na Jerusalem vir die paasfees; die laaste paasfees wat Hy saam met hulle sou bywoon. Reeds twee keer vantevore het Hy vir sy dissipels vertel dat die mense Hom sal doodmaak, en hoewel die dissipels dit nie eintlik verstaan het nie, het hulle geweet daar wag probleme op hulle in Jerusalem. Moontlik het dit gemaak dat hulle die reis sleepvoet aangepak het.

Ons moet 'n prentjie in ons kop probeer kry van die mense op reis na die fees. Daar is duisende pelgrims op pad na Jerusalem, en hulle reis in groepe, deels ter wille van veiligheid, maar ook ter wille van die geselligheid. Dikwels het hulle saam pelgrimsliedere gesing (ons het 'n paar van hulle in ons Bybel in Ps 120-132); hulle het saam geëet en op dieselfde plek oornag. Die reis was vir hulle reeds deel van hulle geestelike feesviering.

In een van dié groepe - waarskynlik een van die groter groepe - is Jesus en sy dissipels ook. Oral waar Hy gegaan het, het die mense mos maar saamgekoek om Hom te hoor en te sien optree, of om gehelp te word.

Markus vertel vir ons (32) dat Jesus al voor die groep uit gebeur het. Die dissipels rem terug, want hulle wil nie graag in Jerusalem aankom nie. Hulle weet daar wag moeilikheid. Maar nie Jesus nie. Hy loop voor hulle uit; só dat die dissipels verontrus raak, ongemaklik, bang.

Ek skat Jesus se maag was óók op 'n knop oor wat in die stad op Hom gewag het.

Want, anders as die dissipels, het Hy presies geweet wat gaan gebeur. Hy sê dit ook in soveel woorde vir hulle toe Hy hulle opsy neem (33-34): “Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel het Hom aan die heidene uitlewer. Dié sal met Hom spot en op Hom spoeg en Hom slaan en Hom doodmaak. En drie dae later sal Hy uit die dood opstaan.”

Jesus weet wat op Hom wag, en hoe aaklig dit sal wees, maar tog skram Hy nie weg soos die dissipels nie; loop Hy vooruit, haastig om daar te kom. Want Hy weet dis God se plan, en daarom wil Hy dit gaan uitvoer. God se wil was eerste prioriteit in sy lewe; dit kry voorrang bo alles, selfs ook bo sy eie wil. Want ons moet nie vir een enkele oomblik dink dat dit vir Hom maklik was nie. In Getsemane worstel Hy presies oor hierdie saak; bid Hy dat God die lydensbeker van Hom moet wegneem. Hy wou nie sterwe nie; in dié opsig was Hy waarlik mens, soos ons. Hy was benoud en beangs oor wat vir Hom gewag het. Maar Hy beurt voort, want, so het Hy in Getsemane gebid: “Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.” (Mark 14:36)

En die dissipels? Vir hulle het dit nie gegaan oor God se wil nie. Nee, toe hulle hoor van die opstanding, begin hulle dadelik planne maak oor wat hulle sal wees in die koninkryk wat Jesus gaan oprig. Jakobus en Johannes sien dadelik ’n geleentheid om die ander voor te spring en begin beding vir ereplekke aan Jesus se sy as Hy eers koning is. Hulle het nie ’n saak met God se wil nie. Hulle is besig met hulle eie dinge.

Dis natuurlik nie ’n nuwe neiging nie. Dis juis die rede hoekom Adam en Eva in Eden daardie verbode vrug geëet het: hulle wou soos God wees (Gen 3:5). Hulle wou hulle eie baas wees; sêlf besluit wat is reg en wat is verkeerd. Dit is hoe ons is. Ons wil ons eie wil laat geld. Maar dis presies nie hoe dit in die geloof werk nie. Jesus leer ons immers bid: “Laat u wil geskied.” God se wil, nie my eie nie.

Natuurlik mag ek ook my eie begeertes voor God bring. Natuurlik mag ek vir Hom sê wat ek graag wil. Om die waarheid te sê, God nooi ons op talle plekke in die Bybel uit om presies dit te doen, met die belofte daarby dat Hy hoor en verhoor. Dis die wonderlike van kind van God wees: dat ons ’n hemelse Vader het wat vir ons omgee en sorg en ons behoeftes en begeertes in ag neem.

Maar ons wil bly altyd ondergeskik aan God se wil. Ons is nie God se kinders

sodat God ons kan pamperlang en alles lekker en gerieflik vir ons kan inrig nie. Ons is God se kinders sodat ons deel kan wees van sy koninkryk, nie om aan sy regter- en linkerkant te sit en vernaam te lyk nie, maar om die wêreld vir Hom te wen.

Ek wonder of ons dit aldag goed verstaan. Ek wonder of ons regtig goed begryp dat God ons roep om navolgers te wees, nie konings nie. Navolgers wat Jesus se passie vir God se wil moet deel. Navolgers wat worstel met die vraag: wat wil Gó d hê moet ek doen? Waar kan ek vir Hom werk en leef? Watter bydrae kan ek lewer dat die koninkryk sal kom in die wêreld?

Ek moet bely dat ek dikwels in myself nié hierdie passie vir God se wil vind nie. Dat ek ook maar soos die dissipels is en eerder my wil wil doen, want dis makliker en lekkerder (so dink ek). Dit vra nie opoffering en moeite en tyd van my nie.

Ons moenie onself bedrieg en dink dis genoeg om aan die kerk te behoort en Sondae in die kerk te sit en gereeld dankoffer te gee nie. Die Here roep ons om Hom te volg; om iets van sy passie vir God se saak uit te leef. Om myself vir Hom te gee; my tyd, my kundigheid, my gawes, my geld.

Ek wil afsluit deur te lees hoe Paulus die nuwe lewe in Christus beskryf, in Romeine 12:1-8. Ek wil hê dat jy die oë toemaak terwyl dit gelees word, en vra jouself af: hoe lyk die offer wat jy vir God bring?

*Romans 12:1-8*

*Die nuwe lewe in Christus*

**12** *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. <sup>2</sup>Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

<sup>3</sup>*Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God*

aan elkeen toebedeel het. <sup>4</sup>Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. <sup>5</sup>Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. <sup>6</sup>Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. <sup>7</sup>As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. <sup>8</sup>As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Amen.

---

## **Matt 10:29-31 Niks sonder julle Vader nie**

Matteus 10:29-30

<sup>29</sup>“Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. <sup>30</sup>Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. <sup>31</sup>Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

“Dit was God se wil, en ons moet ons daarin berus.” Dit is die welmenende trooswoorde wat mense dikwels vir iemand sê wat iets verskrikliks oorgekom het. En nou kry ’n mens boonop ’n uitspraak van Jesus wat dit wil laat lyk of dit maar reg is dat ons so sê en troos. Ons teksgedeelte sê dit immers duidelik: <sup>29</sup>“Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. <sup>30</sup>Van julle is selfs die hare op julle kop almal



getel. 31 Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.” (83-vertaling)

Dit was ook hoe die opstellers van die Heidelbergse Kategismus oor die saak gedink het. In vraag 1 vra hulle: “Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?” en dan kom daardie wonderlike antwoord: “Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so ’n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.”

Julle sien: weer die wil van ons hemelse Vader – selfs wanneer dit kom by ons hare en of dit gaan uitval of nie.

Kom ek sê dit sommer reguit: ek dink nie ons moet só oor die wil van God dink nie. Natuurlik is God se wil belangrik. Ons bid daarom in die Ons Vader (Matt 6:10): “Laat u wil geskied”; en Jesus het dit gebid in Getsemane (Matt 26:39): “Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil”. Ons gerigtheid as gelowiges behoort ook te wees dat ons God se wil sal doen. Daarom lees ons die Bybel, kom ons kerk toe, en herinner ons mekaar gereeld aan wat in die Tien Gebooie staan. Maar of ’n mens se hare uitval en of ’n mossie op die grond val, is darem sekerlik nie op dieselfde manier terug te voer na God se wil nie.

En daarom dink ek nie die vertalers van die 83-Bybel het ons hier ’n guns bewys nie. Want in die 53-vertaling het ons teksvers só gelees:

29 Word twee mossies nie vir ’n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.

En in die Nuwe Lewende Vertaling staan: 29 Julle weet dat twee mossies vir ’n skamele sent verkoop word. Tog beland nie een van hulle hulpeloos op die grond sonder dat julle Vader daarvan weet nie.

Dis al beter, maar nog nie heeltemal wat Jesus gesê het nie. Die BDV vertaal dit daarom soos die 1953-vertaling dit gehad het, nader aan die Grieks: 29 Word twee mossies nie vir ’n assarion verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie.

Ek wonder nogal hoekom die 83-vertaling in vers 29 “die wil van” ingevoeg het,

want dit staan nie in die Grieks nie. Daar staan niks van die wil van die Vader nie! Daar staan dat 'n mossie nie sonder die Vader op die grond val nie. Want dis die punt: Daar waar dinge gebeur, daar waar die tekkie die teer slaan, soos hulle sê, daar is die Vader teenwoordig! Hy weet nie maar net daarvan nie, Hy is by wanneer dit gebeur. Maar dis nie asof Hy alles wil nie; asof Hy besluit, goed, nou gaan die mossie val, of nou gaan Ek soveel van dié een se hare laat uitval nie, of ja, daardie een gaan nou siek word of 'n ongeluk maak of iemand vermoor of iets nie.

Kom ons sê dit vir mekaar: God se wil en hoe dinge van dag tot dag gebeur, is nie met 'n eenvoudige reguit lyn te verbind nie. Natuurlik hou alles met God se wil verband. Natuurlik kan ons, en moet ons ook, iewers in alles wat om ons gebeur en met ons gebeur die hand van God sien. Maar om dit met 'n reguit lyn aan God se wil te bind? Ek wonder darem.

Ek dink ons praat te maklik van die wil van God, asof ons nou juis presies weet wat God wil of nie wil nie. Of ons praat van die wil van God om Hom daarmee te blameer vir wat verkeerd is in ons lewe. Soos die man wat vir my gesê het toe sy vrou hom verlaat omdat hy nie vir behandeling wil gaan oor sy drankprobleem nie: "Nouja, as dit dan God se wil is, moet ons maar skei." Of - en dis vir my net so erg - die vrou van wie ek gelees het wat sê dat dit die Here se wil was dat die plaasaanvallers haar man vermoor het, en daarom berus sy.

Liewe gemeente, dís nie God se wil nie! Hoe kan ons selfs net so dink?! Dis die werk van goddelose misdadigers. Dit beteken natuurlik nie dat God onbetrokke en afgetrokke gestaan en toekyk het toe dit gebeur het nie. Nee, Hy was daar! Hy was daar om die arme vrou vas te hou, te vertrou, krag te gee. Dís wat Jesus hier vir ons wil sê: niks gebeur sonder die Vader nie.

Dis ook wat Dawid bely in Psalm 23, nie waar nie? Dat God daar is wanneer die donker dieptes dreig om hom in te sluk. Dít, dié wete, dra hom deur die noutes. Of soos Paulus in Rom 8:31 en verder jubel: As God vir ons is, kan niks of niemand dit keer nie en kan niks of niemand ons van sy liefde skei nie.

Dís die troos van Matt 10:29-31: "Word twee mossies nie vir 'n assarion verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie. En julle - selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dan nie bang wees nie, julle is meer werd as baie mossies."

Ons Vader is daar vir ons! Hy weet alles van ons af, selfs hoeveel hare ek het of nie het nie. Daarom kan ons ontspan en die lewe voluit leef: Die Here is by ons. Hý sorg. Dít is die Goeie Nuus waarmee Jesus ons die lewe instuur.

Amen.